ROMEINE 6:4 Ons is dus saam ***met Hom*** begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.

Kolossense 1:16 want ***in Hom*** is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte -- alle dinge is ***deur Hom*** en tot Hom geskape

Efesiërs 1:4 soos Hy ons ***in Hom*** uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om ***heilig en sonder gebrek*** voor Hom in liefde te wees,

I Korinthiërs 1:30 Maar deur Hom is julle ***in Christus Jesus***, wat vir ons geword het *wysheid* uit God en *geregtigheid* en *heiligmaking* en *verlossing*.

Romeine 8:1 DAAR is dan nou geen veroordeling vir die wat ***in Christus*** Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Romeine 8:2 Want die wet van die Gees van die lewe ***in Christus*** Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.

Rom 8:29-30 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om ***gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun***, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook ***geregverdig***; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook ***verheerlik***.

Mat 11:27 Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.

Joh 17:3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.

1Joh.5:20 En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. ***Hy is die waaragtige God en die ewige lewe***.

Ons vleesmens opereer onafhanklik van God. Die vlees neem sy opdragte van die uiterlike, die sigbare.

Die Heilige Gees, een met ons gees, gee ons totale nuwe begeertes – die Vader se begeertes.

Vandat jy 'n Gees mens is, is daar spanning – wrywing tussen die twee.

Die innerlike en uiterlike mens wil altyd ontslae raak van die wrywing en spanning. Toe daar nie wrywing was nie, was jy dood in jou misdade en sonde.

Dank God vir wrywing – dit beteken jou gees is lewendig. Daar is dinge wat jou beïnvloed en die duiwel het die reg om jou te verlei in die dinge van die wêreld....

1Joh.2:15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

1Joh.2:16-***17*** Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.

1Kor.2:16 Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het ***die sin van Christus***.

Fil.2:5 Want hierdie ***gesindheid*** moet in julle wees ***wat ook in Christus Jesus was***.

Paulus sê by implikasie; as ons denke en wil en emosie nie in lyn kom met die volle erkenning en wete van Christus in ons nie, sal Christus nooit in ons veheerlik word nie. Ons sal dan altyd deur wettiese benadering van werke probeer om op te weeg aan iets wat dogma en teorie ons wil leer. Dit is hoekom daar so baie menings en geloofsuitinge is. Alles om die mense regverdig en geskik vir hemel reis te kry***. Dit is nie waaroor Christenskap gaan nie.***

Christenskap gaan oor 'n wete van wie ons werklik is in Hom en Hy in ons.

Kol 3:2 Bedink die dinge ***wat daarbo is***, nie wat op die aarde is nie.

Kol 3:3 Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.

Kol 3:4 Wanneer Christus, ***wat ons lewe is***, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word.

Kol 3:5-10 ***Maak dood dan julle lede wat op die aarde is***, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom, waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het. Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die ***nuwe mens beklee*** het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,



Aanvalle van buite af:

Siekte, pyn, armoede, ellende, krankheid, depressie, angs, moord, diewery, bedrog, misbruike, skel, bakleiery, hoogmoed, leuens ens, ens, ens.....

Hand.17:28 want ***in Hom*** : lewe ons, beweeg ons, ***is ons***,

Hoekom bly ek onder aanvalle? Onkunde – Twyfel – Gebrek aan kennis – Pas nie prakties toe nie.

Vanuit hierdie Posisie is Christus nou ons bron – Hy is nou ons LEWE.

Kol 3:4 Wanneer Christus, ***wat ons lewe is***, ***geopenbaar word***,.....

Daar is: 'n volle oorwinnings lewe! Daar is 'n totale volheid. Daar is 'n sorgelose lewe. Daar is 'n absolute vredevolle lewe. Daar is 'n volmaakte gesonde lewe. Daar is 'n absolute vryheid, en volkome onsterflikheid.

WAAR? ALLEENLIK IN CHRISTUS JESUS ONSE HERE!!!!

- In Geen Ander Posisie Of Plek Of Lewe Nie...
- Nie In 'n Kerk Denominasie, Gemeente Admin Of Oortuiging Van Teologie Nie
- Nie In Dogma Of Oorlewering Of Werke Of Prestasies Nie...

Gal 1:16 "…om sy Seun in my te openbaar,…"

Christus word op geen ander manier as IN ONS geopenbaar.